



LUPINO

Nuusbrief van die lupinewerkgroep : Wes-Kaap

Februarie 2005 No. 20

Lupien kultivarevaluasie :Wes- en Suid-Kaap 2004

D J Hanekom, P Lombard en H de Wet

Departement Landbou:Wes-Kaap, Privaatsak XI, Elsenburg 7607

Algemene oorsig

Herman Agenbag - PNS

Die Wes-Kaap het weerens soos gedurende die 2003 seisoen, 'n baie droeë en laat winter beleef met die eerste goeie reën eers teen begin Junie. Weens ongunstige toestande(grondvog) gedurende April en Mei het voornemende produsente geen of baie min lupiene geplant. Van die verwagte aanplantings van 7000ha is daar uiteindelik slegs ongeveer 3400 ha geplant. Klimaatstoestande in die Rûens en Suid-Kaap was oor die algemeen beter en die meeste produsente kon gedurende April plant. Volgens inligting is daar ongeveer 3450 ha lupiene in hierdie gebied geplant. Dit bring die totale oppervlakte onder lupien verbouing in beide gebiede op ongeveer 6850ha.

Saadopbrengs in die Swartland was deurgaans teleurstellend laag met die uitsondering van enkele produsente wat meer as 1 ton/ha geoes het. Ernstige probleme met bolwurms is ook later in die seisoen ondervind wat, tesame met die droogte, swak oeste tot gevolg gehad het. In die Rûens en Suid-Kaap was saadopbrengste aansienlik beter. In die Riversdal, Heidelberg en George areas was daar produsente wat saadopbrengste van 2 ton/ha en self meer behaal het.

Die oppervlaktes (ha) onder soetlupiene vir die verskillende produksie areas was as volg:

BNK	200 (100)	CRK	2600 (1600)
SSK	250 (380)	Tuinroete Agri	400 (200)
MKB	2200 (2400)	Boland Agri	300 (2300)
WPK	900 (1000)		

Syfers in hakies – 2003 oppervlaktes onder lupien produksie

Die Departement Landbou:WK het gedurende die 2004 seisoen 'n reeks kultivar proewe in die Suid- en Wes-Kaap uitgevoer. Proewe is op ses lokaliteite, wat strek van Mosselbaai tot Caledon in die Suid-Kaap streek, uitgevoer terwyl daar ook op ses lokaliteite in die Wes-Kaap van Philadelphia tot Eendekuil aangeplant is. As gevolg van die laat aanvangs van die winterreën in die Swartland, is 'n vroeë en 'n laat aanplanting slegs by Tygerhoek in die Suid-Kaap uitgevoer.

Reënval oorsig

Klimaatstoestande tydens die 2004 seisoen is gekenmerk deur ondergemiddelde reënval veral in die westelike gedeelte van die Rûens wat tot swak grondvogtoestande in die Caledon en Riviersonderend gelei het. Die dele meer oos (Napier en Heidelberg) het beter reënval ontvang wat tot gunstige grondvogtoestande gelei het. Klimaatstoestande in die Swarland was

weereens swak, veral in die dele noord van Malmesbury waar uiters swak oeste behaal is. Alhoewel redelike neerslae na die einde van die seisoen in Oktober in die Swartland voorgekom het, was dit in die heelwat gevalle te laat om enige noemenswaardige reaksie op gewasse te hê. Die reënvalsyfers soos gemeet in die verskillende gebiede word in figuur 1 getoon.

Agronomiese praktyke

Proefpersele by beide die Swartland en Suid-Kaap lokaliteite het 'n vlak tandbewerking voor plant gekry ten einde 'n fyn en gelyke saadbed te verseker. Die proewe is geplant met 'n Wintersteiger perseelplanter. Die duisendkorrelmassa en ontkiemings% van elke kultivar is bepaal. Saaidigtheid is bereken ten einde 'n mikpunt van 45 plante/m² te verseker.

Alle bemesting wat toegedien is, is gebasseer op grondontledings wat by elke proefperseel geneem is. Bemesting is volgens aanbeveling van die Elsenburg grondontledingslaboratorium gedoen. Molibdeen en boor blaarbespuiting is by alle lokaliteite op ongeveer 60 tot 70 dae na plant gedoen.

Onkruidbeheer waar nodig is volgens onkruidspesie en -druk toegepas. Hoofsaaklik is daar gebruik gemaak van 'n voorsaaibespuiting met simasien gevolg deur na-opkomsbeheer met Brodal(deflufenican) en Focus Ultra (cycloxydim). Insekbeheer het hoofsaaklik bestaan uit 'n bespuiting teen rooibeensandmyt en lusernerdvlooi, gevolg deur bespuitings later in die seisoen vir die beheer van plantluise en bolwurms. Die middels wat gebruik is, was Dimet(dimetoaat) en Dursban(chlorpiriphos).


Met rypwording is persele gestroop met 'n Wintersteiger perseelstroper waarna die saad skoongemaak en toegelaat is om 'n resulterende vogpersentasie te bereik voordat dit geweeg is. Smalblaarkultivars wat geneig is tot uitspring is platgesny op ongeveer 60% vog.

Resultate

Lae reënval by die proewe in die Swartland het meegebring dat slegs data van drie van die proewe verkry is. Die gemiddelde opbrengs van die lokaliteite het gewissel van 1.18t/ha (Porterville) tot 1.09 t/ha (Philadelphia). Die smalblaar kultivars het oor die algemeen beter gevaar as die breëblaar kultivars met die kultivars Bolivia en Eendekuil wat by twee van die lokaliteite naamlik Langgewens en Porterville die hoogste opbrengs gelever het.


In die Rûens is die beste proefgemiddelde (1.72 t/ha) by die vroë aanplanting op Tygerhoek behaal. Hier het die breëblaar lupiene beter gevaar as die smalblaar tipes. Die kultivar Tanjil (1.95) het die hoogste opbrengs van die smalblaar kultivars gehad, gevolg deur Wonga (1.84) en Eendekuil (1.82). Die gemiddelde opbrengs van die later aanplanting by Tygerhoek het gedaal na 1.17t/ha met die breëblaar kultivars wat hier opmerklik beter gevaar het as die smalblaar kultivars. By die Napier lokaliteit is 'n gemiddelde opbrengs van 1.71 t/ha behaal. Die kultivars Tanjil en Merrit het hier die hoogste opbrengs gemiddelde van 2.1t/ha behaal gevolg deur Wonga met 'n gemiddelde opbrengs van 2.01t/ha. By die Heidelberg lokaliteit is swakker opbrengste behaal ten spyte van redelik goeie grondvogtoestande aan die begin van die seisoen. 'n Gemiddelde opbrengs van 1.04t/ha is behaal met heelwat van die kultivars wat minder as 'n ton per hektaar gelever het.

Riviersonderend (Tygerhoek Saaityd 1)



Figuur 2. Opbrengs van lupien kultivars by die Tygerhoek 1 lokaliteit gedurende 2004. (KV% = 15.68% KBV = 0.450 - Plantdatum = 30/04/2004)


Riviersonderend (Tygerhoek Saaityd 2)



Figuur 3. Opbrengs van lupien kultivars by die Tygerhoek 2 lokaliteit gedurende 2004.


(KV% = 11.37% KBV = 0.223 - Plantdatum = 10/06/2004)

Napier(Panorama)




*Figuur 4. Opbrengs van lupien kultivars by die Napier lokaliteit gedurende 2004.
(KV% = 9.91% KBV = 0.288 - Plantdatum = 10/05/2004)*

Heidelberg (Uitsig)




*Figuur 5. Opbrengs van lupien kultivars by die Heidelberg lokaliteit gedurende 2004.
(KV% = 22.71% KBV = 0.395 - Plantdatum = 29/04/2004)*

Philadelphia (Boterberg)




Figuur 6. Opbrengs van lupien kultivars by die Philadelphia lokaliteit gedurende 2004.
(KV% = 13.29% KBV = 0.241 - Plantdatum = 13/05/2004)

Moorreesburg (Langgewens)




Figuur 7. Opbrengs van lupien kultivars by die Langgewens lokaliteit gedurende 2004.
(KV% = 19.06% KBV = 0.380 - Plantdatum = 27/05/2004)

Porterville (Keerom)




Figuur 8. Opbrengs van lupien kultivars by die Porterville lokaliteit gedurende 2004. (KV% = 11.54% KBV = 0.228 - Plantdatum = 12/05/2004)

Rûens (Tygerhoek, Panorama en Uitsig)




Figuur 9. Die gemiddelde opbrengs van lupien kultivars in die Rûens gedurende 2004.

Swartland (*Boterberg, Langgewens en Keerom*)



Figuur 10. Die gemiddelde opbrengs van lupien kultivars in die Swartland gedurende 2004.



Figuur 11. Die langtermyn gemiddelde opbrengs van kultivars in die Swartland en Rûens gedurende (2001 tot 2004). * slegs 1 jaar se data

Navrae: Hoofdirekoraat Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.

Redaksie: HJC Agenbag DJ Hanekom Dr N Kotze

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting